QUO VADIS ? Nr. 112 Waar gaan u heen?

MOET DIE KERK AANPAS?

SOU dit nie mooier klink en beter wees as die tradisionele orrel (hoe groter hoe beter) vervang word met ’n paar kitare nie (hoe harder hoe beter)? Selfs vir televisie-uitsendings sou dit beter wees as al die dinge in die kerk ’n bietjie anders was. Om oor die televisie vir ‘n 30 minute net na een man te kyk is baie vervelig. Hoeveel te meer nie nog vir die mense in die kerk wat niks anders kan doen nie as net kyk en luister? Moet die kerk nie aanpas om meer die beeld van die tyd te vertoon nie?

Kom ons toets die oudmodiese voorkoms van die kerk aan 2 groot sake, nl. die funksionele aspek en persoonlike deelname.

Funksioneel:

Vergelyk net twee boustyle, een uit 1774 en een uit 1974. Die een gebou is vol pilare en hoekies en wie weet wat alles: die ander een is reguit en eenvoudig, ontwerp waarvoor hy bedoel is sonder enige onnodige tierlantyntjies. Die nuwe een, wat miskien baie eentonig lyk, is van 1974, ontwerp met die oog op die funksionele, die doelmatigheid. Iets wat onnodig is, is net nie daar nie.

Want ons is mense van die gejaagdheid, die spoed, die eenvoud, die funksionele. Dis die tyd van produktiwiteit en spesialisasie. Dan is dit seker reg om die erediens se vorm hieraan te meet om te kyk of dit so oudmodies is!

Is daar nou onnodige dinge en gebruike in die kerk? Is daar belangrike en nodige dinge wat uitgelaat is in die erediens?

As jy my vra, moet ek eerlik sê dat alles in die erediens beantwoord aan die eise van die funksionele. Die hele erediens staan in die lig van dialoog van God met sy volk. Daar word nie met ander dinge tussenin gekom om dié dialoog in die rede te val nie!

Persoonlike deelname:

Is die diens wel daarop toegespits dat ek kan deelneem? Of is daar ook tye in die kerk wat ek moet sit en gaap soos aap omdat ek nie daaraan deel het of kan neem nie?

As ek kerk toe gaan, wil ek ook iets sê, vir God sê.

Hiervoor is geleentheid – die gebed!

Ek wil ook sing want wat is ’n beter vertolker van die gemoed as juis musiek? En dit wil ek saam met ander doen.

Hiervoor is geleentheid – die gemeentesang!

Ook sal ek graag wil sê hoe ek oor alles voel. Ek het ook 'n opinie oor God. In die afgelope week het ek weer baie dinge belewe, goed en sleg. In al die dinge het God ook bewys Wie en Wat Hy is. Hiervan wil ek getuig, en ek wil sê wat ek van al die dinge dink!

Hiervoor is geleentheid – die belydenis van geloof!

Ek wil 'n riglyn vir my lewe hê – God gee sy wet!

En God **spreek met my** – die Skriflesing, Sy Woord! En dit spreek my aan, ek leer, ek sien, en verstaan beter en ek moet gaan doen – die prediking!

In die diens **kan** ek deelneem. En ek kan dit doen saam met **al** die ander. Isolasie en vervreemding verdwyn in die kerk want saam sing ons, bid ons, getuig ons, luister ons.

Moet die kerk dan verander?

Wat moet die kerk bied en vertoon: die gees en die instrument van die tyd?

Is dit hoofsaaklik?

Of: aktuele samelewing, kontak, dialoog van God met sy volk met die klem op die menslike en ook die eerbiedige goddelike?

Ons moet **meer** deelneem. Daar's geleenthede. Dan praat ons weer!

Ds. D.H.P. WIJNBEEK

DAT IEDEREEN SKULDIG IS OM HOM BY DIE WARE KERK TE VOEG

Ons glo – aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van dié wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie – dat niemand, van watter stand of waardigheid hy ook al mag wees, hom daaraan behoort te onttrek om op sy eie te bestaan nie, maar dat hulle almal verplig is om hulle daarby aan te sluit en daarmee te verenig: om die eenheid van die Kerk te bewaar; om hulleself te onderwerp aan sy leer en tug; hulle nek te buig onder die juk van Jesus Christus en, as lede van dieselfde liggaam, onderling diensbaar te wees aan die opbouing van die broeders volgens die gawes wat God hulle verleen het. En om dit des te beter te kan onderhou, is dit die amp van alle gelowiges, volgens die Woord van God, om hulle af te skei van diegene wat nie tot die Kerk behoort nie, en hulle te voeg by hierdie vergadering, op watter plek God dit ook al gevestig het, al sou ook die owerhede en verordeninge van soewereine vorste daarteen wees en al sou hulle die dood of enige lyfstraf moet ondergaan. Daarom handel almal wat hulle van die ware Kerk afskei of daarby nie aansluit nie, teen die ordinansie van God.

- Art. 28, Nederlandse Geloofsbelydenis

EK SIEN NET DIE KERK AS HY MY GELD NODIG HET

DIS nie ’n baie ernstige aanklag wat jy maak nie. Daar is baie meer instansies as net die kerk wat na jou toe kom as hy jou geld wil hê. Om meer spesifiek te wees: Daar is baie liefdadigheidsorganisasies wat net na jou toe kom as hy geld nodig het.

Maar ek moet jou gelyk gee: waar ander liefdadigheidsorganisasies nie anders kan nie as om telkens die publiek, almal voor die voet, lastig te val met kollektebussies en lyste, is die kerk seker veronderstel om anders te wees. Daar het jy beslis ’n goeie punt beet!

Die kerk is anders, want waar die ander kollekteer-instansies van jou, die skenker, moet lewe, is dit by die kerk juis die omgekeerde want dis jy, die skenker, wat van die kerk moet lewe!

Tog gebeur dit ook dat die kerk, as daar niks anders is wat gereeld is nie, tog wel gereeld sal kom om jou geld te vra. Dit wek die indruk dat die kerk nie sonder jou geld kan bestaan nie. Dit lyk so of die kerk se welstand van groter belang is as jou welstand, dat hy nog altyd van jou moet ontvang hoewel jy nie meer van hom ontvang nie.

Daar is egter een punt waarop ek jou in alle erns wil wys, en dis dat die kerk vir sy bestaan glad nie van geld, ook nie van jou geld afhanklik is nie. Jy moet nie dink dat jy die kerk teen wil en dank met geld in stand en aan die lewe moet hou nie. Want: die kerk is die liggaam van Christus en Hy hou die kerk in stand, ja, daarvoor het Hy sy lewe gegee sodat die kerk kan lewe van Sy lewe wat Hy gegee het. Die kerk leef nie van jou geld of van enigiemand se geld nie, maar van die geofferde vlees en bloed van Christus! En om lidmaat te wees van die kerk is nie om te leef van die finansies van die kerk nie, maar dis dat jy sal lewe van die geofferde lewe van Christus; lid van Sy liggaam wat jou voeding van Hom ontvang.

Wanneer sien die kerk vir jou?

Vriend, laat my toe om nou die vrae aan jou te stel sodat jy weer ’n slag kan antwoord. Jou klag is dat jy so min van die kerk sien. As ek reg onthou, het ek jou 2 jaar laas in die kerk gesien by die begrafnis van jou tante. En voor die tyd het dit ook maar dol gegaan, so een maal per kwartaal en later nog minder. O, jy was moeg van die week se werk en jy wou Sondag ’n bietjie laat slaap. En Sondagaand? Nie juis iets spesifieks gedoen nie?

Maar dan is die klag mos eintlik anders: jou klag moet dus eintlik so lui: die kerk sien my net by ’n begrafnis of ’n bruilof, as ek ’n baie noodsaaklike diens deur die kerk verrig wil hê!

Nogtans nooi ek jou weer uit om na die kerk te kom. Dis nie vir my om jou te beskuldig en te veroordeel nie, maar om die evangelie van genade en vergifnis aan jou te verkondig! Kom weer terug, waar jy tuishoort! Dis nooit onmoontlik nie.
God sê aan die mens: al was jou sondes so rooi soos skarlaken, Ek maak jou weer rein soos wol. Juis daarvoor het Christus gekom, om vir jou wat dit nie verdien het nie, versoening te bewerk en dat jy werklik kan lewe, ewig kan lewe, by God!
Dan kan die kerk met jou offers van dankbaarheid baie dinge doen tot eer van God.
Dan is jou geld baie goed belê! Ds. D.H.P. WIJNBEEK

DIE KERK IS KOUD

Die kerk is koud.

DIKWELS word die klagte gehoor dat die kerk koud is. Lidmate van die kerk is groeperend net op mekaar ingestel. Sekere lidmate voel dan alleen en afgesonder en daarom gaan hulle ook nie meer kerk toe nie. Selfs binne die kerk is alles koud en stroef. Die lidmate is so passief en sonder lewe.
Hierdie klagtes kan ons nie sommer so by ons laat verbygaan nie. Dit behoort die aandag van die kerk te geniet.

Kom ons is eerlik .....

Maar is ons klagtes nie soms ongegrond nie? Is die probleem nie miskien; ons hou nie van kerk nie, en ons soek ’n rede daarvoor? Ons soek ’n oorsaak, ’n verskoning. Die praktyk het ons geleer: die beste verdediging is om aan te val.
Kom ons wees baie eerlik met onsself. In baie gevalle verskuil ons onsself agter ’n verskoning of ’n kritiese aanval. Met so ’n lewenshouding sal die kerk vir ons koud wees en koud bly, want ons staan negatief.

Kom ons is positief .....

Kom ons probeer die saak ’n bietjie van die anderkant af sien. Laat die kerk vir homself getuig. Kom ons kyk of die kerk homself kan bewys.
As ek byvoorbeeld na ’n kombers kyk, lyk dit vir my warm? Wat aan die kombers lyk warm? Kom ons voel daaraan – dit voel sag, maar voel ons warmte? Nee, eers wanneer ek vir ’n geruime tydjie my daarin toegemaak het, voel ek die warmte. As ek dus nie onder die kombers inkruip nie, gaan ek ook nie die warmte daarvan ervaar nie.

Die Kerk is warm

Van buite mag die kerk net so koud lyk. As ons daarmee in aanraking kom, mag dit koud voel. Uiterlik mag dit lyk of alle warmte ontbreek.
Maar het ons al ’n bietjie dieper die kerk ingekruip? Dit baat tog nie om buite te bly staan en daarna te kyk nie. As ons buite staan, sal die kerk vir ons koud wees, al omhels die lidmate ons en al groet hulle ons met ’n glimlag. Ons soek tog nie uiterlike warmte nie, maar innerlike, opregte warmte.

Die warmte lê dieper

Wanneer twee ware vriende bymekaar kuier, gaan alles nie altyd uiterlik jolig en plesierig nie. Nee, uiterlik lyk alles gewoon kalm en bedaard, maar innerlik is daar aanvoeling, en die verstaan van mekaar. So ken en verstaan kerkmense mekaar. Kerkmense, wat ook maar gewone mense is. ’n Vriendelike houding laat hulle verder ontluik, en ’n onvriendelike houding demp ook hulle spontaniteit.

Maar die warmte lê nog veel dieper

- Kerkmense is sondare en groot sondare ook, maar hulle verlossing is in Jesus Christus.
- Die kennis van jou sonde en die wete dat hy verlos is, is die grootste warmte wat bestaan.
- Die feit dat die verlossing nie jou verdienste is nie, maar alleen Genade deur Christus wek die hoogste dankbaarheid.

Dit bind die gelowiges saam tot ’n warme eenheid. ’n Eenheid waarin ons mekaar lief het, en mekaar se laste help dra.
Maar ons is nie heiliges nie, ons is sondare. Ons bely dit, en ons het berou daaroor. Soveel sonde kleef ons aan dat ons aan andere ook aanstoot mag gee.
In ons harte brand die Evangelie van Christus egter warm. Daarom wil ons u hartlik uitnooi om by ons in te skakel. Moet u nie afsonder of onttrek nie. Kruip diep in die kerk in en voel die warmte van die Woordverkondiging, en die warmte van samesyn – van mekaar te ken, te begryp en te verstaan.
U sal vind dat die warmte van die kerk, nie maar in woorde bestaan nie, maar ’n werklikheid is.

Ds. A.H. KLOPPER

HULLE GEE MY ’N KRAMP

Kom wees ’n slaggie eerlik.
Erken dit.

Jy is dikbek vir die kerk omdat die predikant, die ouderling en die diaken jou ’n kramp gee.

En waarom?

Omdat hulle so verdeksels skynheilig is.

Kyk na hulle: praat, praat, praat gedurig. Weet altyd beter as ander mense. Kerm altyd oor die lewe van my en my maats. Wys altyd met daardie ou skerp voorvinger van hulle na my.

En dit gee my ’n kramp.

Hierdie skynheiligheid.

Altyd ’n sakvol te sê oor die sonde en boosheid van ander mense, maar intussen lewe hulle ook nie te wonderlik soet nie.

Wat hulle nodig het is om goed vertel te word, dat hulle ook gerus maar die pad kan stap wat hulle in hulle skynheiligheid vir ander aanwys.

Stadig oor die klippe

Ou maat, stadig oor die klippe. Dit is goed dat jy jou sê sê. Hierdie dinge moet van ’n mens se hart afkom. Maar ek wil jou tog op ’n paar dinge wys. Gun my dit.

Ek ken hierdie mense waarvan jy praat baie goed.

En weet jy wat? Hulle is net so skuldig vanweë hulle sonde soos enige ander mens. Daar is geen mens op hierdie ganse aarde wat nie vol sonde is nie. Nie eers die dominee en die kerkraad nie. Hulle stry maar net soos jy teen die boosheid van hulle hart en lewe. Vergewe hulle maar, indien hulle soms ’n bietjie neerhalend is. Ek keur dit nie goed nie, hoor. Maar die ampsdraers van die kerk is ook gebonde aan hulle swakhede.

Omgekeerde volgorde

Ek dink egter die orde van jou gedagtes is verkeerd. Jy maak nou jou geloof en jou kerklike meelewing afhanklik van die ampsdraers. Jy sê: omdat hulle skynheilig en uit-die-hoogte is, wil ek niks met die Here en met die kerk te doen hê nie.

Ag nee wat. Die waarheid is, dat elke mens vir homself voor God rekenskap moet gee van sy lewe. Die dominee of die ouderling of die diaken is jou nie ’n treetjie voor by die Here nie. In julle sonde is julle almal gelyk voor die Here. Die ampsdraers is met hulle sonde en al egter deur die Here geroep om vir Hom te werk.

Hemelse opdragte

Die Here het dit aan die dominee opgedra om uit die Bybel te preek. En hy preek nie net vir ander mense nie. Die boodskap van die Bybel is vir hom ook bedoel. Die

ouderling het die hemelse opdrag om met die mense te praat oor hulle sonde en afvalligheid. En vir hom begin die gesprek by homself. Die diaken word deur die Here gevra om te sorg vir die arm mense wat nie klere en kos het nie.

Blye boodskap

Hierdie mense bring in hulle werk, wat hulle van die Here ontvang het, die blye boodskap, dat God bemoeienis maak met die lewe van elke mens. Omdat hulle deur God geroep is om hierdie werk te doen, getuig hulle van daardie God vir wie hulle werk. Omdat hulle sondaars is, val hulle ook. Hulle doen ook partykeer die werk half. Baie kere doen hulle die werk glad nie. Soms doen hulle dit met skynheiligheid, soos wat jy hulle beskuldig.

Ag wat, verdra hulle.

Die Bybel sê hulle is gebarste erdekruike.

Maar binne in hierdie gebarste erdekruike is die boodskap van die Here. Kyk oor die gebreke van hierdie mense heen, en sien Jesus Christus raak wat hulle gestuur het. Dan sal jy nie krampe kry oor hulle skewe lewens nie. Dan sal jy die pyn ervaar omdat jy deur jou eie ontrouheid, jou beter geag het as hierdie mense, en daardeur die Here verstoot het.

Ds. C N van der Merwe

OOR DIE REGERING VAN DIE KERK DEUR KERKLIKE AMPTE

Ons glo dat hierdie ware Kerk geregeer moet word volgens die geestelike bestuurswyse wat onse here ons geleer het in sy Woord, naamlik dat daar dienaars of herders moet wees om die Woord van God te preek en die sakramente te bedien; ook opsieners en diakens, om saam met die herders as die Raad van die Kerk te wees en deur hierdie middel die ware godsdiens te onderhou en te sorg dat die ware leer sy loop kan hê, dat ook die oortreders op geestelike wyse gestraf en in toom gehou kan word, dat ook die armes en bedruktes gehelp en getroos kan word na die maat van hulle behoeftes. Deur hierdie middel sal alles in die Kerk behoorlik en ordelik uitgevoer word wanneer sulke persone gekies word wat getrou is en volgens die reël wat die apostel Paulus daarvoor gee in die brief aan Timotheus.

- Art. 30, Nederlandse Geloofsbelydenis

DIE KERK IS NIE NET VIR GROOTMENSE NIE

’n Grootmens-kerk

Die algemene idee blyk te wees, dat die kerk alleen ’n grootmens-kerk is. Kinders hoort by die huis. Hulle verstaan tog nie. Is net lastig en steurend in die kerk.
Dit word veral met nagmaaldienste ondervind. Omdat kinders nie nagmaal gebruik nie, word hulle alleen by die huis gelaat. Die hele lewensinstelling is dan so dat die kind voel: die kerk is vir grootmense. Hy het alleen belang by die katkisasie.

’n Kinderkerk

’n Ander uitweg word soms gepropageer, naamlik die van ’n sogenaamde kinderkerk. Dienste wat spesiaal net vir kinders gehou word, in verstaanbare kindertaal, met praktiese illustrasies. Want, word gesê: die taal van die Bybel is te hoog vir die kind.

Die jeug word verwaarloos

’n Ander klag wat telkens vandag gehoor word, is dat die kinders en jongmense in die kerk en in die prediking verwaarloos word. Daar word nie afgedaal na die kind se vlak of die jongmens se lewensprobleme nie. Hulle voel nie betrokke in die prediking nie.

Waar lê die probleem?

Kom ons stel ’n paar vrae. Hoekom voel die kind nie betrokke by die prediking nie? Hoekom word daar gesê: die kerk of Bybeltaal is te hoog vir hulle? Hoe sal u kind byvoorbeeld u huistaal leer verstaan en leer praat? Sal ons kinders ooit die kerktaal verstaan as hulle nie gedurig daarmee in kontak is nie?
Die kind wat nie in die kerk opgroei nie, kan dalk later verwaarloos voel, of voel dat hy nie ingesluit is in die prediking nie. Die jongmens verstaan nie – en nou is die gevoel – dit is hy wat nie verstaan word nie.

Die Bybel weerspreek die menslike redenasie

Ons sê so maklik: Die kinders verstaan nie. Hulle moet eers groot word.
Jesus sê: “Julle (grootmense) moet soos die kindertjies word.” En in Sy gebed hoor ons Jesus bid: “Ek dank U Vader dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het.”
Aan Sy dissipels sê Hy: “Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk van die hemele.” En as die kinders uitroep: “Hosanna vir die Seun van Dawid,” sê Jesus: “Het julle nooit gelees, uit die mond van kinders en suigelinge het U vir U lof berei nie.”
Daarom mag die kinderstem nie in die kerk van christus ontbreek nie. Die kerk is nie net vir grootmense nie, maar dit is ’n vergadering van almal wat aan Jesus Christus behoort. Hoe kan jy sê: die kind verstaan nie, daarom hoort hy by die huis? Ds. A.H. Klopper

’N DUIWEL? .... HA ! HA !

Ek weet jy gaan vir my lag!

Ek wil sê: daar is ’n duiwel.

En die duiwel is nie iewers weggesteek, ver eenkant in ’n afgesonderde hoekie van die heelal nie. Die duiwel is ’n werklikheid hier by ons en om ons. Ook by jou, en in jou.

Nou mag jy dit maar weglag as bangmaakstories vir kinders. Ek weet jy dink die gepraat oor die duiwel is maar dieselfde as die stories oor vader Krismis en die ooievaar.

Maar jy is besig om jouself te bedrieg.

Die duiwel is so werklik soos jyself.

Moenie dink omdat jy hom nie kan sien nie, dat hy nie bestaan nie. Die duiwel is ’n meester op die gebied van die vermomming. Sy grimering is gewoonlik perfek.

Daarom sien jy hom nie.

Daarom weet jy nie van hom nie.

Maar glo my ..... hy bestaan ! !

Duiwelse Inspirasie

Agter elke sondedaad en sondewoord sit die inspirasie van die duiwel.

Die h a a t van die een mens teenoor die ander;

Die m o o r d en die w r a a k in baie harte;

Die l e u e n s van menige tong;

Die l a s t e r teen God uit baie monde;

Die v e r s l a w i n g van die menslike gees en liggaam;

Die m i s d a a d waarvan jy so baie hoor;

Die w e t t e l o o s h e i d en v e r w i l d e r i n g wat jou ook seker geweldig kwel;

Die o n g e l o o f van ons tyd;

Die o p s t a n d teen die kerk van die Here;

..... al hierdie dinge is deur die duiwel geïnspireer. Die duiwel wil die mens inpalm om burgers van die koninkryk te word waaroor hy regeer.

Uit die hemel gegooi

Hierdie duiwel waarvan ons praat, was eers ’n volmaakte engel wat in die hemel voor God gestaan het. Weet jy wat doen hierdie engel toe? Hy kom in opstand teen God.

Hy het geweier om voor God te buig en om God te dien.

Hy het rewolusie in die hemel opgestook.

En saam met hom het baie ander engele gemuit.

Hiervoor het God hulle gestraf. So iets kon God in die hemel nie duld nie. Toe het God hulle uit die hemel gegooi. Hierdie gevalle engel, die duiwel, met die naam satan, en ook sy maats. So het satan dan die aanvoerder geword van die bose geeste. Hulle is almal teëstanders van God.

Kwaadwillig

Omdat die satan en sy trawante kwaad was vir God probeer hulle nou om die mens wat God geskape het oor te haal om liewer na hulle leuens te luister. Die duiwel en die bose geeste loods die een aanval na die ander op die mens.

Oral en altyd doen hulle dit. Hulle skep geleenthede.

Die eerste inval het die duiwel in die Paradys gemaak. Hy het Adam en Eva verlei om sonde te doen.

En so het dit gebeur dat al die mense sondaars is.

Om die mens meer en meer aan hom te verkneg, val die satan die mens dag vir dag aan en verlei die mens om sonde te doen. Hy kies jou swak punte uit.

Dit is sy werksmetode om almal agter hom te skaar.

Hy wil al die mense so opstandig, ongehoorsaam, afvallig maak soos wat hyself en sy bose geeste is .....

Jy en die satan

Dink jy nie nou dat satan dit met jou ook probeer het nie?

En hoe het satan met jou gevaar?

Het hy jou afvallig gemaak van die kerk?

Het hy jou opstandig gemaak teen die Here?

Het hy jou hart verhard teen die Bybel?

Het hy jou ongevoelig gemaak vir die sonde?

Het hy jou minagtend gemaak vir die ewigheid?

Dink na oor jouself.

Satan is besig om jou oor die afgrond van die ewige verdoemenis te lei !!

Sien hom betyds raak in jou lewe.

Vlug vir hom !!

Waarheen ? ? . . . . vra jy ! !

Na Jesus Christus toe.

Want Hy het nie geval vir satan se versoekinge nie.

Kry vir jou ’n Bybel en lees Mattheus 4: 1 – 11.

Besef . . . daar is net een manier om uit die kloue van die satan te ontsnap . . .

En dit is om jou tot Jesus te bekeer.
Hy sal aan jou verlossing skenk.
Moet tog nooit weer lag oor die duiwel nie. Huil liewers omdat hy jou so pynig met sy versoekinge en vlug dan na Jesus toe.
Doen dit, voordat dit te laat is ! ! Ds C.N. van der Merwe

DAN KEER U HAND !

As in my angs en teëspoed die krag en moed my wil begewe . . . . (Ps. 138: 4)
Wat is hierdie woorde tog nie waar in die dae van ons lyde nie? Wanneer ons so swaar kry met die pyne, wat ons liggaamskragte ondermyn, en wanneer die angs ons gedurende die nagte beetpak – die angs wat die kranke alleen ken, wanneer hy op sy krankbed in eensaamheid moet worstel met pyne en benoudheid – Ja, dan wil die moed ons begewe!
Want behalwe die pyne, benoudhede en smarte, wat ons moet verduur, is daar ook nog die baie **gedagtes:** die gedagtes aan ons werk, waaraan ons nou nie aandag kan gee nie; die **gedagtes** aan ons dierbares, man of vrou of kinders, miskien ook nog so jonk, wat nou alleen sonder sorg moet klaarkom. Dit is dan nie net **gedagtes** nie, maar **bekommernisse**; en dit saam met die pyne en angste kan so 'n loodswaar gewig word, dat die **krag** en **moed** ons wil **begewe.**
Ons moet **moedhou** en die lyde dra! Ja, moedhou! – al is die pyne so swaar, ter wille van ons dierbares moedhou! Ag, maar hoe sal ons dit regkry? Dit is tog O! so swaar!
Gelukkig dat ons dié woorde verder hoor:
"Dan kéér U hand en red my lewe. Die Heer is goed en wondersterk, Hy sal Sy werk deur niks laat keer nie!"
Die **Here se hand** keer daardie angs. As dit Sy Heilige wil is, dan "red (Hy) my lewe."
Ag! Waarom sal ek dan benoud en bekommerd wees? Die Here is so **wondersterk.** Hy kan en sal Sy wil uitvoer.
As ek moet lewe – dan sal Hy my laat lewe, niks kan Hom keer nie. As ek moet sterwe, dan sal **Hy** sorg. Dit is die Here se wondersterke hand wat keer en red en sorg, daarom wat ookal gebeur, ek sal nie vrees nie. "Want U is met my, U stok en U staf die vertroos my." "Hy sal die werke van sy hande nie laat vaar nie." Daarom hou moed! Want dit is die Here se hand, **ook** in die dae van u angs en teëspoed, en die Here se hand sal u nooit loslaat nie!

In Christus Jesus, ons Boirg en Middelaar is Gods ewige werk nooit tevergeefs nie. Dit is om Christus wil dat in u angs en teëspoed die krag en moed u nooit sal begewe nie. Daarom, hou moed. Dink daaraan: “Hy was verag en deur die mense verlaat, ’n man van smarte en **bekend met krankheid** . . . “ (Jes. 53: 3) Ds M. Postma